

Poppie maak wonde oop Fliëkbespreking 19 Februarie



Almal gaan nie van Poppie Nongena hou nie, want Poppie maak wonde oop. Almal wat in die sewentigerjare in Suid-Afrika geleef het, sal die filmweergawe van Elsa Joubert se boek goed verstaan.

Het die samelewing regtig so gelyk? Wanneer jy die fliëk klaar gekyk het, besef jy daar is geweldig baie om oor te praat. Dit sou goed wees as jonger mense ook na die film kon gaan kyk. In elke era gebeur daar goed waaroor jy wonder. Nou ook. Gaan kyk gerus en kom praat saam op 19 Februarie in die binnehof!

Vir almal wat wil, ons gaan as 'n groep na 'n vertoning van die film kyk op Dinsdag 11 Februarie 09:30 in die Cinema Nouveau in Brooklyn. Jy is welkom om saam te kom, ons gaan na afloop by Café Rossini's saampraat oor ons belewenis van die film.

Aswoensdag en die begin van lydenstyd - 26 Februarie

Vanjaar se lydenstyd begin op Woensdag 26 Februarie met die gebruikelike *Aswoensdag*-diens wat 19:00 in die kapel gaan plaasvind. Die afgelope paar jare het ons in Stellastraat stelselmatig ons eie tradisie rondom *Aswoensdag* ontwikkel.

Aswoensdag is die dag waarop elkeen van ons self ondersoek instel. Dit is in kort die betekenis van dié dag. Jy kyk na jou lewe, hoe jy lewe, wat in jou gedagtes en jou daaglikse optrede aanwesig is. Dit is wanneer jy jou broosheid raaksien, dat jy met dankbaarheid opkyk na die kruis en die liefde van God wat in sy lyding teenwoordig is.

Die erediens op *Aswoensdag* gaan ons lei na selfondersoek. Elkeen gaan nadink oor sy eie gebrokenheid voordat ons, ons vir 'n paar weke op Jesus se lydenspad begeef.

Jong volwassenes Kom ons braai op 27 Februarie

Kom ons braai ook, net soos die manne en vroue op die TV-program *Kom ons braai* gedoen het!

Jongmense word uitgenooi om te kom deelneem aan 'n heerlike aand van **Kom ons braai-pret** in die Lushof op Donderdag 27 Februarie. Deelnemers betaal R50, en om deel te neem moet jy vir Fay (083 478 0854) laat weet!

Die datums vir die volgende twee **Digby U stil oggende** is Vrydag 14 Februarie en Saterdag 15 Februarie vanaf 9:15-12:15 by die kerk. Die bywoning is gratis of 'n donasie in die dankofferkis in die kapel. Laat weet asseblief indien jy plek wil bespreek deur 'n epos te stuur na marita.roos@netactive.co.za en dui ook jou gekose datum aan. Jy kan haar ook kontak by 082 878 0144.

Johan van der Sandt en Brummnet 23 Februarie

Een van die mense wat 'n diep musikale spoor in Pretoria en Suid-Afrika gelaat het, is Johan van der Sandt. Johan is 'n oud-lidmaat van Stellastraat en woon tans in Italië waar hy 'n professor in koormusiek is.

Op Sondag 23 Februarie tree Johan van der Sandt en sy Italiaanse koor, *Brummnet*, tydens die 08:30 erediens in Stellastraat op. Jy kan dit tog nie misloop nie!

Sonder onderwysers is 'n land gedoem

- Anton Pienaar



Die heel belangrikste mense in die samelewing is onderwysers. Maak nie saak aan watter instansie hulle verbode is nie – van kleuterskool tot Universiteit.

Onderwysers is naas ouers die belangrikste vormers van kinders. En daarom, van die toekoms. Om die waarheid te sê, in ons leeftyd, waar ouers voltydse betrekkinge het en kinders van baie klein af in kleuterskole is, het onderwysers dikwels 'n groter invloed op kinders as hulle ouers!

Daarom is onderwys die belangrikste beroep in die samelewing. Dit gaan nie net daaroor dat iemand geleer word om woorde te klank, of wetenskaplike teorieë verstaanbaar te maak nie, dit gaan oor die vorming van karakter, die kweek van belangstellings, die vestiging van waardes, die skep van hoop, die vermoë om met ander mense saam te leef. Onderwysers help kinders om hulle eie selfwaarde te besef, en help hulle om te blom in die wêreld waarin hulle leef.

Ek self kan omtrent elkeen van my klasonderwysers onthou. Juffrou Badenhorst was my graad 1 juffrou aan Laerskool ML Fick, en sy het my nie net deur Baas en Mossie begelei nie, maar my menswees fyn bestuur toe ek in daai eerste bangweek 'n glipsie in die klas gehad het. Mnr Lourens was my Afrikaanse onderwyser in die laerskool en hy het my aangemoedig om te lees en mooi te skryf. Ek sien en hoor hom nou nog! Juffrou Moolman het vir ons musiek gegee en my liefde vir *Greensleaves* kom van haar af.

In my hoërskooldae aan Rob Ferreira kan ek nou nog hoor hoe mnr Post met oorgawe Die Son Struikel van Dolf van Niekerk vir ons voorlees. Sy oorgawe aan die mooie Afrikaans het in my kom vassit. Hennie de Wet het in matriek vir ons wiskunde gegee, nee veel meer as algebra en meetkunde het van hom af na ons gekom! Hy het ons van stiptelikeid, getrouheid en die wonderlikeid van probleemoplossing geleer. Ek kan nie genoeg sê oor die waarde van onderwysers in my lewe nie!

Daarom is ek baie jammer vir dit wat op die oomblik in ons land met baie onderwysers gebeur. Eerstens word hulle so oorlaai met administrasie, dat hulle ruimte om lewensvaardighede en 'menswees' vir kinders te leer, ingeperk is. En die verlies aan respek wat in die dae by kinders én hulle ouers vir onderwysers aan die toeneem is, veroorsaak by baie onderwysers die huiwering of hulle nog in die beroep wil wees.

Ek voel so jammer vir kinders wat in skole is waar onderwysers nie erg het in die ontwikkeling van leerders se lewe nie. Dit is 'n tragedie, want dit is waar 'n gebalanseerde samelewing begin, by onderwysers wat in kinders se harte én verstand 'n verskil kom maak.

Onderwysers moet die bes betaalde, mees gewaardeerde, en mees gerespekteerde mense van ons samelewing wees – sonder hulle is 'n land gedoem.

Adoramus in die Kapel

Sondagaand om tien voor ses vir sesuur lei
Anton ons diens.

Ons gaan fokus op Psalm 112. Anton skryf: "Psalm 112 klink soos 'n ode aan 'n mens. Die Psalm is die keerbeeld van Psalm 111 waar die lof aan die Here gerig word. In Psalm 112 kry ons die taal van Psalm 1 – daar wag geseëndheid vir die mens wat regverdig lewe. Die regverdige leef so dat almal van sy goedheid praat, dit is iemand soos hy wat die wêreld 'n beter plek maak!"

Biblioteek

Elke jaar verlaat 1 miljoen Christene die tradisionele kerk. Hoekom? Herontdek Christus se plan vir sy Kerk.

Frank Viola: *Reimagining Church*

En hoe lyk hierdie situasie in ons eie NG Kerk vandag? Lees oor waar die Afrikaner teologies vandaan kom en hoe ons Kerk tans daar uitsien.

Jurie van den Heever: *Wat moet ons met ons Kerk doen?*

Albei is nuwe boeke in die **B-afdeling**.

GJG-Omgeegroep

Die **GJG-Omgeegroep** kom op **Woensdag 12 Februarie 2020** om **09:30** in die **biblioteek** bymekaar.

Nuwe lede, oud en jonk is welkom!
Skakel gerus vir Joyce as jy deel wil word van die kaartjie-aksie
072 804 6561.

Verlore goedere

Kom kyk gerus in die binnehof of een van die items nie dalk aan jou behoort nie.